

1 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18

Fokusgedeelte: Romeine 9:14-18

Goeie nuus : Die regverdige God kies regverdig

In Romeine 9:1–18 word God se goeie nuus op 'n manier uitgespel wat enige Godskind verstom. Hierdie verse sê dat jy wat uitverkies is en almal wat nie uitverkies is nie, ewe skuldig is. Alle mense het die ewige dood verdien. As mense dan almal ewe sondig is, maar God ons ongelyk “behandel”, is die vraag: Is God dan nie onregverdig nie? Hoekom is Isak as erfgenaam verkies en nie sy broer nie? Hoekom Jakob en nie Esau nie? Is daar nie dalk tog maar iets onregverdigs in God se goeie nuus ingebou nie?

Verse 14–18 van Romeine 9 sê: Nee! Beslis nie. Nee, duisendmaal nee. Die Here is nie onregverdig nie. Dink aan God se volk wat uit slawerny bevry is. Egipte is verby, Kanaän wag. Hulle is 'n volk aan wie melk en heuning belowe is en hulle het die Here se wet in hulle hande, maar hulle maak én aanbid 'n goue kalf. As die Here sy volk heeltemal wil vernietig, tree Moses in en net drieduisend sterf. Die Here kon regverdiglik al die makers van die goue kalf gedood het, maar Hy het nie. Die onmoontlike gebeur. Die Here vernietig nie sy volk nie. Dit is hoe God reg doen. Sy ontferming teenoor alle mense is uit en uit genade. Dit is Sy eie wil en vrye besluit.

Die farao is nog 'n voorbeeld. Die Here gebruik hom met 'n doel. Die grote farao is soos 'n speelbal in die regverdige God se hande. Hoe arrogant hy ook al optree met sy toorkunstenaars aan sy sy, hy is nie in staat om 'n pad deur die Rooisee te maak nie. Farao word deur God regop gehou omdat Hy hom wou gebruik. Die Here het die farao se lewe gespaar omdat Hy hom nog meer van sy mag wou laat sien. Ons Vader ontferm Hom oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil. Dit begryp jy nie. Die Here is selfs teenoor iemand soos die farao volledig regverdig.

Die makers van die goue kalf, die farao en jy is almal sondaars en volslae skuldig, heeltemal verwerplik. Wat 'n ongelooflike voorreg het jy dat die Here Hom oor jou ontferm! Hy was nie verplig om jou deur sy evangelieroep tot geloof te bring nie. Hy was nie verplig om Hom oor sy Seun nié te ontferm ter wille van jou nie. Hy was vry om anders te kon doen – jou ook regverdig te verwerp. Hy het nie! Jou uitverkiesing is dus die finale grond dat jy God se reddende genade ontvang. Met sekerheid kan jy sing: “Verlos en nie verlore.” Is God onregverdig?

Nee, duisendmaal, nee! Ek loof U, Heer der Here.

Sing: Skrifberyming 24:1,6

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)